NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 19 – Uitgawe 2

22 Januarie 2026

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Nogtans sal ek jubel...

**Sien jy jouself as 'n *nogtans-Christengelowige*? Wanneer moeilike tye jou inhaal, donkerte om jou neerdaal en hartseer jou insluk? Wanneer jy die stukke van jouself moet optel, want niemand anders gaan dit vir jou doen nie?**

Die NHSV se tema vir 2026: *Nogtans sal ek jubel*... (Hab 3: 18, AFR2020) volg op die NHSV-temas van 2024: *Al het ek geval, ek staan weer op...* (Miga 7: 8, AFR2020) en 2025: ...*want ek weet op wie ek vertrou...* (2 Tim 1: 12, AFR83).

Die boek Habakuk bestaan uit drie hoofstukke waarvan die eerste twee die gesprek tussen Habakuk en die Here weergee, en hoofstuk 3 die gebed van die profeet Habakuk op die wysie van 'n klaaglied soos dit baie keer in die Psalms voorkom.

> 17 *Al sou die vyebome nie bot nie, daar geen opbrengs aan die wingerdstokke wees nie, die drag van die olyfbome teleurstel, die landerye niks te ete lewer nie, kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle oor wees nie;* 18 *nogtans sal ek jubel in die Here, sal ek juig in die God wat my verlos.* 19 *Die Here, my Heer, is my krag, Hy maak my voete soos wildsbokke, op my hoë plekke laat Hy my loop.* (Hab 3: 17-19, AFR2020).

Slegte omstandighede tref goeie mense, en goeie omstandighede gebeur met mense wat ons voel dit nie verdien nie. Baie van ons het grootgeword met halleluja-liedere. Halleluja 245 herinner my aan Habakuk se gebed waar teëspoed hoogty vier:

> *As die lewenstorme woedend om jou slaan, en jy gans ontmoedig vrees om te vergaan, tel jou seëninge tel hul een vir een en jy sal verbaas wees oor wat God verleen. As jy ooit gebuk gaan onder sorg en pyn, as die kruis te swaar word en jou krag te klein – tel jou seëninge, dan vlug twyfel heen, en jy sien Gods goedheid laat jou nooit alleen nie!*

Nogtans-Christengelowiges is nie afhanklik daarvan dat dit met hulle net goed moet gaan sodat hulle God kan loof nie. Om jou seëninge te tel, het al baie mense gehelp om moed te skep wanneer moeilike en donker tye deel van hul lewens was. Wanneer ons bewus word van Jesus se teenwoordigheid in ons lewens, selfs daar waar dit moeilik gaan, staan ons elke keer weer verbaas oor die seëninge in ons daaglikse bestaan.

Die boek Habakuk is 'n besondere Bybelboek van hoop, al weet ons dat die volk Israel 70 jaar lank in ballingskap oorleef het voordat die Here verlossing gebring het en hulle Hom in hul eie land kon aanbid. God wat hoop vir Israel ná die ballingskap bring, sluit ook vir ons vandag die deure na *hoop* oop en daarom sal ons *jubel* in die Here ons God wat ook vir ons vandag verlossing bring.

Hoe vergelyk jou manier van bid met Habakuk se gebed? Sien jy God binne al jou omstandighede raak? Die genade van seerkry is baie keer om ons nader aan God te bring en sy stem te hoor, sodat dit die geraas van die wêreld kan uitskakel.

Daar waar jy *geval het en weer opgestaan* het, was God in die stilte by jou – wat jy dalk eers later sal verstaan. Jy het weer opgestaan, want jy het *geweet op Wie jy vertrou*, jy het geweet dat dieselfde God wat jou gedra het, reeds vir jou op die toekomspad wag. Daarom bid ons soos Habakuk: *Nogtans sal ek jubel…* want God is altyd daar. Hy het nooit jou hand gelos nie. Hy is altyd Immanuel, God met elkeen van ons!

**Mev Mari-lizé Beukes**
**Voorsitter NHSV-Hoofbestuur**

## Lief en leed



Yante Truter



Christené Beukes

- **Dr Jan Truter** (emeritus/Letsitele) en sy vrou, **Joey**, het op 1 Desember 2025 'n kleinkind, **Yante**, ryker geword. Yante is die dogtertjie van hulle seun wat tans ernstig siek is. Sy is 'n groot vreugde en genade in die gesin se lewe ten spyte van die chemo wat tans hul seun se energie tap.

- **Ds Fanie Beukes** (Laeveld) **se dogter, Christené,** is ná afloop van die matriekuitslae tydens die toekenningsgeleentheid in Limpopo vereer. Sy het toekennings as die provinsie se topkandidaat in fisiese wetenskap en landbouwetenskap ontvang en was ook die tweede beste leerder in gewone openbare skole. Baie geluk, Christené!


- **Mnr Johan** (Bedryfshoof) **en mev Clarika** (HTK) **Hattingh se seun, JD,** is ingesluit in die Junior Bokoefengroep van 2026. Die groep van 42 spelers vertrek op 15 Februarie op 'n kort toer na Georgië. Baie geluk en sterkte, JD!

- **Die volgende predikante verjaar tot 30 Januarie. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**

  - Woensdag 21 Januarie: Ds GS (Stephen) de Beer (emeritus/Noordwestelike Pretoria) en dr J (Johan) Nel (Bloemfontein-Wes/dosent)
  - Donderdag 22 Januarie: Ds WJ (Willem) Slabbert (emeritus)
  - Vrydag 23 Januarie: Dr WC (Wouter) van Wyk (Sinodaal)
  - Saterdag 24 Januarie: Ds HMJ (Marius) Kramer (Krugersdorp-Oos)
  - Sondag 25 Januarie: Di R (Riaan) Botha (Lydenburg) en A (Annieka) Pottas (Montana)
  - Maandag 26 Januarie: Di BM (Marita) Engelbrecht (Komatipoort) en
  - RL (Richard) van der Westhuizen (Tzaneen)
  - Dinsdag 27 Januarie: Ds WE (Elmien) Snyman (Sundra/Zesfontein)
  - Donderdag 29 Januarie: Prof J (Jaco) Beyers (dosent/Centurion-Oos), di L (Leon) Geel (jr) (Midstream) en H (Heloïse) Herbst (Rietvallei)

## Gemeentes en bediening

- **Gemeente Jeffreysbaai** het verhuis na 'n **nuwe erediensplek**. Die eredienste vind vanaf 1 Januarie by die VCSV terrein, Dromedarisstraat 13, Jeffreysbaai plaas. Die eredienste is steeds Sondae om 09:00.



Ds Dawie Rotteveel

- Op Sondag 18 Januarie 2026 is **ds Dawie Rotteveel** en sy vrou, Ilindi, formeel in die samewerkende **Gemeente Harare** ontvang. Die gemeente van die NG Kerk in Harare (en omliggende dorpe) en die gemeente van die Hervormde Kerk (NHKA) het al sewe jaar lank 'n baie suksesvolle samewerkingsooreenkoms. Ds Rotteveel het uit Genesis 12: 1-3 gepreek en die gemeente opgeroep om soos Abraham hul roeping te vervul deur 'n seën vir al die mense en volke om ons te wees. **Ds Nicolaas Steenekamp** het namens die NHKA se ring van Middelburg groete oorgedra, en **ds Paul Grobler** namens die Noordelike Sinode van die NG Kerk. **Oudl Rinus Grau** het op 'n baie treffende manier die Tien Gebooie aan die gemeente voorgehou, en **dr Wouter van Wyk** het namens die Hervormde Kerk die wens uitgespreek dat die samewerking tussen die NG Kerk en die NHKA in Harare en elders die kerk van Christus in staat sal stel om hul roeping uit te leef. Daar was ook verskeie ander predikante en verteenwoordigers van ander kerke by die geleentheid teenwoordig.

- **Gemeente Dolfynkus** nooi belangstellendes hartlik uit na die **bevestiging en ontvangs** van **ds Denise Schmidt** en haar gesin op **8 Februarie om 09:00**. Die geleentheid vind by La Montage – Pumpkin Teater plaas. **RSVP asseblief voor 1 Februarie** by Ansie Schroeder (082 909 0033) of ds Denise Schmidt (084 600 0448).

- Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verleen **emeritaat** aan **dr EH (Estelle) Dannhauser** op 28 Februarie.

## Werksgeleenthede

- **Gemeente Wonderboom** is opsoek na 'n dinamiese **Administratiewe Beampte** om deel te word van hul span. Indien jy belangstel, **kontak ds Lilian** by 083 255 2082 of stuur 'n e-pos na wboom@nhk.co.za. **Aansoeke sluit 5 Februarie 2026**.

- **Werksgeleentheid by die Sinodale Dienssentrum: Personeelbeampte**
**Organisasie**: Sinodale Dienssentrum van die NHKA (organisasies sonder winsoogmerk)
**Ligging**: East Lynne, Pretoria
**Sluitingsdatum vir aansoeke**: 13 Februarie 2026

**Meer oor die organisasie**:
'n Diens word vanuit die Sinodale Dienssentrum gelewer aan al die gemeentes en haar organisasies sonder winsoogmerk (OSW's). Die NHKA is daartoe verbind om 'n uitnemende diens aan ons gemeentes, predikante, amptenare van die gemeentes en OSW's deur inisiatiewe wat volhoubare verandering bevorder, te lewer.

Ons benodig die dienste van 'n bekwame personeelbeampte om die span by Menslike Hulpbronne te versterk en die NHKA se adminsitratiewe en finansiële verantwoordelikhede na te kom.

**Verantwoordelikhede**:
- Verwerking van maandelikse salarisse en aftrekkings
- Handhawing van salarisrekords en personeeldata
- Berekening van betaaladviese ten opsigte van konsolidasie
- Koördinering van voordele en belastingdokumentasie
- Verslagdoening oor salarisverwante aangeleenthede
- Nakoming van arbeidswetgewing en interne beleide
- Verlofadministrasie
- Hanteer die administrasie en rekordhouding van alle emiriti, afgetrede personeel en gades ten opsigte van die volgende:
  - Alle emeritaataanvaardings en aftredes
  - Pensioenaangeleenthede
  - BegrafnisdekkIng
  - Medies
- Hanteer alle navrae van emeriti en pensioenarisse rakende hul pensioene
- Hanteer alle ongeskiktheidsaansoeke en navrae
- Onderhou alle rekords van emiriti en mediese subsidies
- Skakel met eksterne verskaffers rakende pensioene, medies en begrafnisdekking

**Vaardighede:**
- Sterk diensgeorienteerde ingesteldheid en vaardighede
- Akkuraatheid en detail

**Posvereistes:**
- Matriek
- Tersiêre kwalifikasie of ekwivalent in salarisadministrasiestelsels
- Ten minste twee jaar ondervinding in ‘n salarisbetalingsomgewing wat belasting-aangeleenthede insluit met verkieslik ervaring in die gebruik van VIP en Sage payroll
- Ondervinding in Microsoft excel
- Bewese in algemene administrasie en rekordhouding

**Ons bied:**
- Mededingende vergoedingstruktuur en voordele.
- 'n Stimulerende werksomgewing wat persoonlike en professionele groei bevorder.

**Hoe om aansoek te doen:**
Stuur jou CV aan **mannekrag@nhk.co.za**. Gebruik asseblief die postitel, *Personeelbeampte*, as onderwerp van jou e-pos. Aansoeke moet teen **13 Februarie 2026** ingedien word. **Kontak** mev Susan Moore of mnr Pieter Maree by **012 322 8885 vir enige navrae.**

## Vergaderings

- Vrydag 23 Januarie: Beleggingskomitee

## Hervormde Teologiese Kollege

- Die **opening van die HTK** vind op **18 Februarie om 10:00 by Gemeente Philadelphia** plaas. Die prediker is **dr Hein Delport** wat ook die verwelkoming sal behartig. Die sprekers tydens die geleentheid is **drr Antionette Janse van Rensburg en Robert van Niekerk**. **Prof Jaco Beyers** en **dr Thinus van Staden** sal groeteboodskappe **namens die Fakulteit en die Kuratorium** lewer. Verversings sal na verrigtinge in die saal bedien word. Alle belangstellendes is welkom.

## Kerklike en ander publikasies







Hierdie publikasie is tans uitverkoop. Ons wil graag vasstel wat die behoefte na hierdie publikasie is, sodat ons 'n nuwe oplaag by die drukkers kan indien. Gebruik asseblief die vorm ***hier*** om u besonderhede in te vul vir 'n bestelling. Ons wil graag bestellings voor **31 Januarie** afhandel.




- Die **Kerkkalender vir 2026** wat die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei het, is op die Kerk se webblad beskikbaar. Kry die kalender ***hier*** en die kalendervoorblad ***hier***. Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte formaat of elektronies onder hul lidmate versprei.

## 'n Gedig

Neem my lewe, laat dit, Heer,
U gewy wees meer en meer.
Laat my hart gedurig juig
en van dankbaarheid getuig.

Uit: Gesang 308:1, Liedboek van die Kerk)

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Gemeente Seester** bied aan: **Niel Liebenberg en Natalie Bentley met Dekades** teen R150 per persoon. Die geleentheid vind 31 Januarie om 18:00 te Nasturiumstraat, Alberton plaas. **Kontak asseblief vir Elandri by seestergemeente@gmail.com of die Hartklopnommer 064 608 1314 vir meer inligting.**




- **Gemeente Parys** bied aan**: Drie van die Bestes** op Saterdag **28 Maart** om 18:30 vir 19:00 teen slegs R250 per persoon. Kleredrag is semi-formeel. Dit word aangebied by NG Kerk Vredefort. **Kontak asseblief 075 235 7914 vir meer inligting en besprekings.**




## Studentesake

- **Kougom 2026** word vanaf **23 tot 26 Januarie** deur Waypoint-Studentebediening in **Bloemfontein** vir alle **eerstejaar- en voorgraadse studente** by Retief kampeerterrein in Bloemfontein aangebied. Die kostes is R990 per kampeerder. Jy kan ***hier*** meer inligting verkry en ook aanlyn registreer.

## Is jy ’n eerstejaar in Potchefstroom in 2026?

Kom kamp saam met Gemeente Potchefstroom-Studente. Ons vertrek ná Sondag 25 Januarie 2026 se verwelkomingerediens vir die eerstejaars en hul ouers na Venterskroon-kampterrein.

Kontak gerus vir ds Michael Müller (062 884 2208).

**25-28** Januarie

**R1 450** per persoon wat verblyf, etes, asook die reiskoste na die kampterrein en terug insluit.



## IS JY IN 2026 'N MATIE?

Stellenbosch Hervormde gemeente wil jou graag ontmoet en ondersteun in die oorgang van hoërskool na studentelewe! Ons hou ’n aanvangskamp by die Jeugkampterrein net buite Stellenbosch, omring deur berge en wingerde.

**Kontak ons vir meer besonderhede:**

dr Chris le Roux
**cleroux@mweb.co.za**
079 495 3239


**OF**

prop Elizabeth Rossouw
**3erossouw@gmail.com**
081 833 7022 (WhatsApp)
078 032 3910 (bel)

Eerstejaar of senior, **almal** is welkom

**OF** vul die kampbrief in en stuur hom vir ons: **https://tinyurl.com/ycwxzkuy**

**25-27** JANUARIE 2025 OM **14:00** OP DIE **25STE**, BY DIE KERKGEBOU **R400** PER PERSOON




## Toerusting

SkillsPro GROUP
Departement van Teologie in samewerking met die NHKA

## Diploma in Bediening
### Deeltydse studies

Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6
SAQA ID: 96454; aantal krediete 379; 5 jaar deeltyds

Eerste Diplomaplegtigheid Feb 2025



Vier Ouderlinge en een lidmaat uit die NHKA

***Toelatingsvereistes***
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie

“Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk.”

***Inskrywings vir Februarie 2026 kan nou gedoen word.***

Navrae: Dr Deon du Toit
E-pos: ministry@skillspro.co.za
Selnommer: 082 894 5751

*Maak ’n verskil in die Koninkryk van God*

## Barmhartigheid

ONS TUIS otmt

- Opskud! **Ons Tuis** se **Woeker en Werk-tuinekompetisie** se inskrywings sluit op **30 Januarie**. Alle aftreeoorde, versorgingsoorde, bejaarde residensiële fasiliteite en ouetehuise word uitgenooi om hulle spogtuine in te skryf. Besoek ons webblad ***hier*** vir meer inligting en om jou inskrywing te laai.

- **Machteld Postmus** te **Brooklyn** het beskikbare eenhede. Hierdie fasiliteit is geleë naby ’n winkelsentrum, kliniek en in ’n rustige omgewing.
    - Kamerfasiliteit teen R3 991 per maand by Riekie Boshoff.

Koopeenhede op woonregbasis beskikbaar:

- Eenslaapkamer eenheid te Huis MacIntosh vir R426 100.00.
- Tweeslaapkamer eenheid te Frans Boshoff vir R478 600.00.
- Tweeslaapkamer eenheid vir R1,232,000.00 te Machteld Postmus.

Indien u belangstel om meer uit te vind of te besigtig, skakel **suster Sonja Stander** by **012 346 2418**.

- **Seniordal Aftree-Oord** is die eiendom van die NHKA se Gemeente Pretoria en spesialiseer in lewenregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 60 jaar.

  Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur veiligheidsdienste en toegangsbeheer en bestaan uit die volgende woonstelle:

  **Te koop:**

  - 1 Slaapkamer : R515 000.00
  - 1 ½ Slaapkamer : R520 000.00
  - 2 Slaapkamer : R560 000.00

  **Te huur:**

  - 1 ½ Slaapkamer : R6 800 per maand
  - 2 Slaapkamer : R7 960 per maand

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4318 weeksdae (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

  **Oornagfasiliteite:**
  Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, wat dokters moet besoek of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit.

  Vir navrae oor tariewe en besprekings kan u vir Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318 (Maandae-Vrydae) of na-ure by 083 308 0520 kontak.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. ’n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur-mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**



## Gebed vir die week

Almagtige Here God,
Ek staan vandag voor U met die woorde van Romeine 5:

3b *Ons verheug ons ook in die swaarkry,*
*want ons weet: swaarkry kweek volharding,*
4 *en volharding kweek egtheid van geloof,*
*en egtheid van geloof kweek hoop;*
5 *en dié hoop beskaam nie,*
*want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees*
*wat Hy aan ons gegee het.*

Dankie vir u getroue genade.
Amen.

**Teks: Romeine 5: 3b-5 (AFR83)**


| | |
|---|---|
| Redakteur: | Ds David Barnard |
| Subredakteurs: | Di Etienne Fourie en Mariët Robbertze |
| Koördineerder: | Mej Sanet du Plessis |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |
| Joernalis: | Ds Iwana Kruger |